## 7 Desember Jesaja 11:1-10; (Teks: 9:6c)

### *Oprigting van die vredesryk*

Mense kan nie 'n koninkryk van vrede stig nie. Met Kersfees 1999 besef ons dit opnuut. Jaarliks lewer volksleiers, politici, die VVO, leiers van wêreldmoondhede Kersfeesboodskappe met vrede as grondtema. Terwyl hulle op televisie vrede bepleit, is hulle hande agter die rug besig om wapens te laai. Daarom kan die mens nie 'n vrederyk stig nie. Maar God kan. In Jesaja 8:23-9:6 word die koms van die Vredevors aangekondig (9:5). *"Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring"* (9:6a). Hy sal die vrederyk oprig (1 Sam 13:13; 2 Sam 7:13; Hand 1:7) en dit in stand hou (Jes. 9:6c). Die vrederyk word deur stryd gebore. God moet sy vyand, die Satan, verslaan om sy koninkryk van vrede op te rig. Die een wat die vrederyk oprig, is 'n strydbare held, want die revolusie van die satansmagte word vernietig. Dan kan die vrederyk verrys op die fondament van die bloed van die Lam. Die Seun wat gebore sal word is: *"Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors"* (Jes. 9:5). Eers moet die skuld van die sonde weggeneem word. Dan word die koninkryk van vrede gebou. *"Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg "* (9:6c). Hy gee die Vredevors om die vors van die duisternis te oorwin (Matt 12:29; 1 Joh. 3:8). Laat die wêreld en sy leiers hulle holle boodskappe van vrede maar uitbasuin. Die ware gelowige weet God *"sal vir altyd vrede en voorspoed bring:* (9:6a)

Sing: Psalm 122:1,2 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)